



LAERSKOOL
EIKESTAD

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KANTOOR	1
GRAAD R	3
GRONDSLAG-FASE	5
INTERSEN-FASE	7
KULTUUR	10
FISIESE GERIEWE	14
CSV	15
BIBLIOTEEK	16
LEERLINGRAAD	17
SPORT	18
KENNIS-GEWINGBORD	27

EikeNuus



UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Aan ons Eikestad-gemeenskap

Die jaar staan einde se kant toe en daar is net meer as 50 skooldae oor. Tog is daar nog soveel wat in hierdie laaste deel van die jaar ingepas moet word. Gholfdag, Akkergooi, graadkampe, die matriektee, prysuitdelings, tennis- en kriekettoere, die BeSing Koorfees, Silwervaringfees, Sing dis Kersfees, die graad R-konsert, Stadio Prestige Atletiek, die graad 7-afskeid, somersport in die vierde kwartaal en nog vele meer lê voor.

Ons kon nie vir beter deelname van die oorgrote meerderheid van ons kinders gevra het nie. Dit is wonderlik om te sien hoe akademie, kultuur en sport saam bydra tot die ontwikkeling van gebalanseerde jongmense. Baie dankie aan elke ouer vir u ondersteuning, aanmoediging en al die rondry. Dit word raakgesien en opreg waardeer. 'n Groot woord van dank aan elke onderwyser, assistent en student wat etlike ure spandeer het in die klas, op die sportveld, beplanning, merkwerk en voorbereiding om ons skool die lekker en uitnemende plek te maak wat dit is. Julle word raakgesien en waardeer.

Soos mnr. Gawe altyd sê: "Dit is die vennootskap tussen personeel, ouers en kinders wat die resep vir sukses is."

Wanneer ons van sukses praat, moet ons onself gereeld daaraan herinner dat sukses in die proses lê en nie altyd slegs in die uitslag nie. Deelname, toewyding en deursettingsvermoë vertel dikwels 'n baie duideliker verhaal van 'n kind se potensiaal as 'n enkele uitslag of prestasie. Kinders ontwikkel teen verskillende tempo's.



Die aanleer en inoefening van die vaardighede van elke sportkode is noodsaaklik, sodat hulle gereed is wanneer lengte, spoed, krag en koördinasie later ontwikkel. “Grit”, deursettingsvermoë en toewyding is egter baie moeiliker om eers later te probeer inhaal.

Hierdie beginsels geld nie net in die klaskamer, op die verhoog of op die sportveld nie, maar ook in ons kinders se verhoudings met mekaar. **“Wees die vriend wat jy graag sou wou hê.”** Ons hoef nie noodwendig met almal beste vriende te wees nie, maar daar is nooit ’n verskoning om nie vriendelik te wees nie. Goeie maniere, respek en vriendelikheid kos niks; deel dit dus gerus en ruimhartig uit.

Baie dankie aan elke ouer wat die skool getrou ondersteun en besef dat elke onderwyser, net soos u, die beste vir elke kind wil hê. ’n Kind se ingesteldheid en persoonlikheid ontwikkel deur ’n voortdurende wisselwerking tussen genetiese eienskappe en omgewingsinvloede. Ouerskap, onderwysers, vriendskappe, sosiale ervarings, skoolaktiwiteite en sport speel almal ’n rol. Daarom is dit belangrik dat ons die waardes wat ons graag in ons kinders wil sien, self sal uitleef en voortdurend sal modelleer. Dit sluit die nakoming van reëls en wette, goeie maniere, verantwoordelike gedrag, respek en gesonde vriendskappe in.

Ek is seker dat baie ouers dit ook tuis opmerk, maar met die oorgang van graad 5 na graad 6 en uiteindelik na graad 7 vind daar jaarliks verskeie merkbare veranderinge by leerders plaas. Seuns en meisies raak toenemend van mekaar bewus, en daarmee saam ontstaan daar soms ’n gevoel van kompetisie, onsekerheid en selfs konflik binne vriendekringe. Selfs ek raak soms deurmekaar – dink net hoe die kinders moet voel!

Indien u, as ouers, die besluit geneem het om vir u eie kind ’n slimfoon te gee, maak seker dat u dit gereeld deeglik kontroleer. Maak seker u kind gebruik nie die opsie om boodskappe te ‘erase after send’ of ‘vanish mode’ gebruik nie. Daar is slegs een rede daarvoor.



Gesels asseblief gereeld met u kinders oor hul gedrag, keuses en vriendskappe. In die laerskool behoort goeie vriendskappe altyd belangriker te wees as die druk om ’n “ou” of “meisie” te hê. Hulle is nog baie jonk, en hierdie verhoudings veroorsaak dikwels onnodige spanning en konflik tussen vriende. Daarom keer ons terug na die eenvoudige maar belangrike boodskap: **“Wees die vriend wat jy graag sou wou hê.”**

Ons hoop dat die kinders gedurende die vakansie behoorlik sal rus en met nuwe energie sal terugkeer vir ’n besige en opwindende laaste kwartaal. Reis veilig en geniet die kosbare tyd saam as gesinne.

Ons is trots op elke kind en opreg dankbaar vir elke gesin en familie wat deel van ons Eikestad-gemeenskap vorm.




Dit vang 'n mens elke keer onkant hoe vinnig die tyd verby gevlieg het! Ons is dankbaar vir elke ouer se ondersteuning en betrokkenheid gedurende die kwartaal. Hier aan die einde van die kwartaal vier ons elke leerder se groei, ontwikkeling en vordering.

In graad R fokus ons op leer deur speelgebaseerde aktiwiteite wat 'n belangrike fondament lê vir motoriese ontwikkeling, taalvaardighede, luisterbegrip en wiskundige kennis. Emosionele en sosiale ontwikkeling is egter net so belangrik. Daarom streef ons daarna om 'n veilige omgewing te skep waar leerders se selfvertroue kan groei en waar hulle leer om hul emosies beter te verstaan en te hanteer. Hoogtepunte van die kwartaal sluit in:



Beroepedag

Elke leerder kon groot droom en aantrek volgens die beroep wat hulle eendag graag wil beoefen. Ons wil ons leerders aanmoedig om in hulself te glo en alles in ons vermoë te doen om hul drome vlerke te gee. Waar daar drome is, is daar hoop!



Instappie: Ouers gesels oor hul beroepe

As deel van ons beroepetema het ons ouers genooi om hul beroepe met die graad R-maats te kom deel. Dit was 'n wonderlike geleentheid vir die leerders om meer van verskillende beroepe te leer en te ontdek dat daar soveel verskillende moontlikhede vir hul toekoms is.





Lentedag

Lentedag was 'n dag propvol opwinding en pret! Gesiggies is geverf, daar is gebak en brou, en die leerders het hul staal gewys op 'n uitdagende hindernisbaan. Dit het vir hope pret en baie lag gesorg. Die winter was goed vir ons, maar ons is beslis gereed vir warmer pouses en die nuwe lewe wat die lente bring!



Uitstappie: Gino's Restaurant

Die graad R-maats het ook 'n heerlike uitstappie na Gino's Restaurant onderneem. Daar het ons geleer wat die geheim is om 'n wenpizza te maak. Dit was 'n praktiese en smaaklike leerervaring wat ons maats beslis nie gou sal vergeet nie!

Graad R-konsert

Die klankopnames vir ons graad R-konsert is gedoen, en ons is baie opgewonde om "Waar ek inpas" binnekort op die planke te bring. Ons oefen nou met alle mag en mening en kan nie wag om ons harde werk met julle te deel nie! Vir eers is dit egter tyd om tot stilstand te kom, asem te haal en te rus.

Mag elke gesin 'n wonderlike rustyd hê en die geleentheid kry om mekaar se teenwoordigheid te geniet. Maak tyd om te ontspan, lekker saam te kuier en die batterye te herlaai.

Wees veilig, geniet die Oktober-vakansie en kom uitgerus en vol nuwe energie terug!

Tot volgende kwartaal!





GRONDSLAGFASE: Akademie

Departementshoof — Sonja Nieuwoudt

Die afgelope kwartaal kon ons, ondanks 'n druk program, baie lekker en opwindende aktiwiteit saam met skoolgaan inkorporeer. Ons Vlooi-uitstappie was weereens 'n ongelooflike lekker ervaring. Om die eerste keer 'n graad 1-kindjie op 'n busuitstappie te neem, is prysloos kosbaar. Die geesweek het baie lekkertes na die klaskamer gebring en telkens het ons mekaar herinner dat hierdie ervaringe ook “skool” insluit.



Om 'n kind groot te maak, is een van die grootste verantwoordelikhede én voorregte wat ons as volwassenes ontvang. In die Grondslagfase lê daar 'n besondere verantwoordelikheid op die ouerhuis en die skool om saam 'n veilige, liefdevolle en ondersteunende omgewing vir elke kind te skep. Ek lees die term “**grootmaaksorg**” raak en besluit dat dit ons houding en gesindheid teenoor ons kosbare kinders moet wees. Ons glo dat kinders die beste ontwikkel wanneer ouers en onderwysers as vennote saamwerk. Die ouerhuis bied die eerste en belangrikste fondament van liefde, waardes, leiding en emosionele veiligheid. Die skool bou hierop voort deur doelgerigte onderrig, ondersteuning, leiding en geleenthede vir elke leerder om sy of haar vermoëns te ontwikkel.

Akademiese versorging beteken dat ons belangstelling toon in 'n kind se leer en vordering, hom of haar aanmoedig om verantwoordelikheid te aanvaar en ondersteuning bied wanneer uitdagings ontstaan. Net so belangrik is emosionele versorging – om na kinders te luister, hulle te aanvaar, aan te moedig en hulle te help om hul emosies en uitdagings op 'n gesonde wyse te hanteer.

Wanneer 'n kind ervaar dat ouers en onderwysers saamwerk, skep dit 'n gevoel van veiligheid en behoort. **Deur saam te luister, saam te ondersteun en saam te lei, gee ons aan ons kinders die beste moontlike fondament waarop hulle kan groei – akademies, emosioneel en as unieke individue.**

Hoe kom ons in die skool ons verantwoordelikheid teenoor die grootmaaksorg van ons kinders na?

- * Ons het elke kind lief en werk in sy/haar beste belang.
- * Kinders word in klasse en op die speelgrond opgepas, sodat hulle veilig kan voel.
- * Leerlinge word akademies in detail die volle kurrikulum onderrig.
- * Goed versorgde en kindvriendelike assesseringsvraestelle is aan leerders gebied en opvolgwerk en intervensie is gedoen.
- * Ons het in ons skool 'n uitstekende leerdersorgdepartement, wat leerlinge, onderwysers en ouers uitstekend ondersteun.
- * Onderwysers doen gereeld aanlyn seminare.

Die graad 3-klasse gaan op 12 Oktober die jaarlikse sistemiese toetse doen. Dit word deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement gedoen en eksterne moderators hanteer dit. Leerlinge skryf Wiskunde en Huistaal. Baie sterkte aan ons kinders en onderwysers wat die laaste afrondingswerk doen. Nou is dit net skouer aan die wiel sit vir die laaste stukkies van die jaar. Dankie aan elke ouer wat die verantwoordelikhede saam met ons dra. Ons is afhanklik van julle hulp en ondersteuning.

Vriendelike groete

Sonja Nieuwoudt



INTERSENFASE: Akademie

Adjunkhoof — Gawie Nieuwoudt

Die derde kwartaal is bekend vir take en modelle. Vanjaar was die derde kwartaal geen uitsondering nie.

Ons het ons assesseringsplanne versprei en van meet af was die kinders baie besig en betrokke in ons akademiese program. So deur die vol skoolprogram moes die leerlinge hul kant bring deur modelle te bou en plakate te maak. Heelwat take is op ons 'Chrome books' gedoen. Hierdie oefening het ons wif behoorlik getoets en ons IT-personeel moes gereeld die batterye van die toestelle betyds laai.

In gr. 4 - 6 is vier toetse geskryf. Graad 7 moes vyf toetse aflê. As personeel moet ons nougeset die voorskrifte van die WKOD nakom. Die lading op ons kinders is by tye baie hoog en daarom is ek 'n groot voorstander van 'n gebalanseerde leefstyl wat sekerlik ingeoefen moet word. Gebruik gerus die vakansie om ordentlik te herlaai.

Ons het 'n paar prestasies in Wiskunde wat ons met trots wil beklemtoon:

Joshua Viljoen en Wilhelm Burger het op Vrydag, 14 Augustus, Eikestad verteenwoordig by die Horizon Wiskunde Kompetisie. Daar het 7 200 gr. 5 - 7 leerders in die Wes-Kaap aan die kompetisie deelgeneem. Beide leerders is uitgenooi om die Top 100-prysuitdeling by te woon. Joshua eindig 37ste en Wilhelm 15de! Voorwaar 'n prestasie om op trots te wees!



Wilhelm het ook op 10 September aan die finale rondte van die SAMC (South African Mathematics Challenge) deelgeneem. Ons sien met groot verwagting uit na die uitslae! Geluk aan hierdie twee Eik-stekende leerders!

Ons het ook gr. 5; 6 en 7 na buitelugkampe gestuur wat inderdaad baie lekker, interessant en leersaam was. Die gr. 5-leerlinge was by Bergkroon in Bainskloof. Die gr. 6-leerlinge was



by High Africa naby Worcester en die gr. 7-leerlinge het meer van die see by Melkbosstrand gaan leer.

Hierdie kampe in die laaste drie dae van skool, het veroorsaak dat ons die rapporte volgende kwartaal op Vrydag, 9 Oktober 2026, gaan uitstuur. Ons wil die proses so deeglik as moontlik bestuur.


Die oueraande in die vierde kwartaal vind by wyse van uitnodigings plaas. Ons wil u uitnoodig om afsprake andersins te maak indien daar 'n behoefte sou wees.

Die eksamenrooster sal vroeg in die vierde kwartaal uitgestuur word.

Ons is dankbaar en trots op 'n baie suksesvolle kwartaal en bedank graag ons personeel, leerlinge en ouers vir alle insette wat gelewer is.

G. Nieuwoudt

TEGNOLOGIE



GRAAD 7 MARKDAG



KULTUUR



EIKESTAD KORE – Marli Vosloo

In kwartaal 3 word daar gefokus op die voorbereiding vir opkomende optredes op die koor kalender en ons maak ook die gaskunstenaar bekend vir beSING 2026. Ons sien uit om op 23 Oktober die verhoog met Jakkie Louw en ons gaskore van Laerskool Stellenbosch en Laerskool Beaumont te deel.



Beide die Akkerkoor en Eikekoor het die geleentheid gekry om op 28 Julie by “KO LAT ONS SING” by Hoërskool Stellenbosch op te tree.

Die Eikekoor het dit vreeslik geniet om by die Paul Roos Koorfees saam met gaskunstenaar Ricus Nel op te tree. Beide kore kry weer die wonderlike geleentheid om op 14 September aan Laerskool Bastion se Silwervaringkoorfees deel te neem.



Die Akkerkoor het op 4 September Langverwag ouetehuis as deel van ons “Sing met hart” projek besoek. Dit was vir ons kinders ‘n besondere spesiale ervaring om die bejaardes te dien met mooi musiek en bederfpakkies. In kwartaal 4 is dit die Eikekoor se beurt om met hulle “Sing met hart” projek ‘n gekose ouetehuis te besoek.



Ons sien ook baie uit daarna om op 12 November ons koorjaar met ons “Sing dis Kersfees” konsert by Nootgedacht wynplaas af te sluit.

Ons wil ons koorlede uit ons harte bedank vir hul pligsgetroue deelname en ons ouers vir hul deurlopende ondersteuning met al die wonderlike geleenthede waaraan ons kan deelneem.



EIKEORKES - Mariëtte Schumann

Ons vierde kwartaal program vir die Eikeorkes is propvol optredes. BeSing vind op 23 Oktober by Hoërskool Stellenbosch plaas en ons gaan saam met die Marimba orkeste almal met lekker musiek in die Foyer verwelkom. Van ons ouers was dalk nog nie by die nuwe veranderde skool nie: die saal is werklik soveel groter en moderner ingerig.

Op 26 Oktober is dit juf. Mariëtte, mnr Pieter-Adriaan, juf. Mariaan en die klarinet juffrou, Annamarie Bam, se musiekleerling-konserte in die aktiwiteitsentrum. Die Eikeorkes gaan teen 18:30 die senior konsert open, siende dat die orkeslede in elk geval daar is.

Die Nooitgedacht kersdankdiens vind hierdie jaar op Donderdag, 12 November, plaas. Ons het al begin om kersliedere vir die program in te studeer.

Baie dankie aan alle Eikeorkeslede wat so getrou die weeklikse oefeninge bywoon, help met opstel van stoele en staanders en weer help om die saal se verhoog in orde te kry vir die volgende oggend se saalbyeenkoms.



NUUS UIT DIE MUSIEKDEPARTEMENT

Eksamen, Eisteddfods en Konserte!

Die laaste paar lesse voor 'n musiekeksamen kan baie lekker of baie spanningsvol wees vir almal wat betrokke is. Die onderwyser probeer alles kort van 'n brandoffer om die leerling wat deur die jaar 'n bietjie te min geoefen het, op die nippertjie gereed te kry. Die leerling se oë word groot in die les wanneer hy of sy skielik 'nuwe' note op die bladsy raaksien.

Die ouers smee, preek en dreig — enigiets om die klavier, tjello of kitaar beter te laat klink.



Toonlere met ekstra, onnodige molle, kruise, kwarttone en hoogs ongewone vingerplasings kan in die gange gehoor word. 'n Moeilike musiekstuk word oor en oor gespeel, elke keer in 'n ander ritme as Beethoven se Ode to Joy. 'n Ketel kook aanhoudend vir koffie of 'n kalmerende koppie tee. Schüssler-sout nr. 6 word uitgedeel, saam met betablokkers en ander hoogs twyfelagtige middels. Almal weet: dit is te laat. Niks behalwe 'n tydmasjien kan jou nou red nie. Was jy al in so 'n situasie? Natuurlik nie!

Hierdie September het juffrouens Thia en Margariet se klavierleerlinge hul UNISA- en ABRSM-klaviereksamens afgeleë — met geen onmiddellike bewysbare emosionele skade nie! Die onderwysers ken die 'song and dance' van eksamenvorbereiding. Hulle weet beter as enigiemand hoe belangrik deurlopende harde werk, oefening en aanmoediging is.



Hulle weet ook: as die kind sy of haar werk ken, hoef daar geen gekeurde kerse aangesteek te word om almal kalm te hou nie!

Ons is baie bly dat daar geen bloed gestort is in die eksamenlokale nie en dat ons leerlinge baie positiewe ervarings gehad het. Die kinders het almal met glimlagte uitgestap, en die fondasies is gelê vir nog 'n jaar van klavierspel.

Volgende kwartaal word die UNISA-teorie-eksamens op 20 en 21 Oktober geskryf. Ons drie teorie-onderwysers, juffrouens Thia, Mariaan en Margariet, is reeds hard aan die werk om seker te maak dat almal gereed is.

Musiekpret in Graad R

Die graad R-musiekleerders het hierdie kwartaal behoorlik op die tromme losgetrek en geleer van verskillende nootwaardes. Hulle is ook kliphard besig om te oefen vir hul graad R-musiekkonsert, wat in November plaasvind. Almal is welkom!



“Maria wie?”

As jy vra: “Wie is beter — Maria Callas of Juffrou Suzanne Erasmus?” sal enige kind waarskynlik antwoord: “Maria wie?”

Die sangkinders het die afgelope tyd met groot entoesiasme aan die Helderberg Eisteddfod deelgeneem en pragtige uitslae behaal. Geen stemme het gekraak nie, al die lirieke is onthou

en nie 'n enkele inval is gemis nie! Die harde werk, groei en toewyding van elke leerling was duidelik sigbaar op die verhoog.

Daar word ook baie hard in die sangklas gewerk ter voorbereiding vir die Trinity-sangeksamen, wat op 23 Oktober by die Konservatorium in Stellenbosch plaasvind.

Ook hier is geen radikale ingryping nodig nie. Danksy hul deurlopende en getroue werk, asook juffrou Suzanne se aansteeklike entoesiasme en passie vir sang, gaan al die sangers meer as gereed wees!

Op 3 November kom al juffrou Suzanne se sterretjies bymekaar om hul liefde vir musiek te vier. Ons sien baie daarna uit om hulle in die skool se aktiwiteitsentrum te hoor optree.

Almal is welkom om hierdie spesiale geleentheid saam met ons te geniet!



Die res van die departement is ook behoorlik aan die gons met konsertvoorbereidings. Juffrouens Annamarie Bam, Mariëtte Schumann, Mariaan Du Preez-Briggs en mnr. Pieter-Adriaan Stofberg span vanjaar saam vir 'n groot musiekkonsert op 26 Oktober.

Leerlinge in viool, klarinet, tjello, klavier en blokfluit gaan almal 'n geleentheid kry om hul musiektalent op die verhoog te wys.

Daar is selfs 'n spesiale ensemble-item waarin die onderwysers saam musiek maak — iets waarna die gehoor beslis kan uitsien!

Dit is 'n besige kwartaal vir die Eikestad-musiekdepartement, maar dit is ook een vol musiek,

groeï, harde werk en, hopelik, baie min betablokkers.

Ons sien uit daarna om ons leerlinge op die verhoog te hoor en saam met hulle hul liefde vir musiek te vier!



REDENAARS - Rouxlani Bence

Eikie Redenaars skitter op nasionale vlak!

Op 5 Augustus het drie van ons redenaars-sterre Eikestad se naam hoog gehou tydens die ATKV se Nasionale Finaal, wat by Klein Kariba in Bela-Bela aangebied is.

Altesaam 320 laer- en hoërskoolleerders het hul redenaarsvernuf ten toon gestel en die beoordelaars met hul goed nagevorste standpunte en oortuigende toesprake probeer beïndruk.

Merwen Mellet (graad 5), Anna Eloff (graad 6) en Anna van der Ahee (graad 7) het uitstekend gevaar en al drie het 'n plek onder die top 15 in die land behaal!

🏆 Merwen Mellet – 10de plek

🏆 Anna Eloff – 11de plek

🏆 Anna van der Ahee – 7de plek



Wat 'n ongelooflike prestasie! Ons is besonders trots op elkeen van hierdie leerders.



Eikies blink ook uit in spanredenaars!

Vir die eerste keer het Eikestad ook twee groepe ingeskryf vir OppieTong Af Redenaars se spanredenaars – en hulle het beslis nie teleurgestel nie!

Ons graad 7-span, bestaande uit Robin Klopper, Anna Eloff, Genevi du Toit en Lara de Kock, het die uitdaging van die onvoorbereide afdeling aangepak. Met 'n puik 88,5% het hulle deurgedring na die Nasionale Finaal.

Ons graad 6-span het ook hul merk gemaak. Anna Eloff, Isabelle-Marie Laubser, Johandre Conradie en Mynhardt du Toit het 'n ongelooflike 89,6% behaal – 'n prestasie waarop hulle baie trots kan wees!

Ons harte swel van trots op al ons Eikie-leerders wat met soveel selfvertroue, toewyding en entoesiasme hul talente uitleef. Julle laat Eikestad blink!



FISIESE GERIEWE

Terreinbestuurder — Wilhelm van der Merwe

Uit die Terreinkantoor

My oorlede pa het altyd n sêding gehad wat as volg lui: “ Van Kersfees tot Paasfees is kort. Van Paasfees tot Kersfees is n knapsie korter.” Hoe ouer ek word, hoe meer verstaan ek dit. Hier is ons al op die vooraand van die einde van die derde kwartaal.

Gedurende die Junie-vakansie is daar by drie klaskamers nuwe vloerbedekking gelê en 'n vierde klaskamer kry gedurende die komende vakansie 'n nuwe vloer.

Verskeie verftake en opknappings is ook gedoen. Deurlopende onderhoud is ook gedurende die kwartaal gedoen. Verskeie take is ook gedoen om kragtoevoer te beveilig of herstel en op te dateer na gelang van gebruiksbehoefes.

Dit is met groot trots dat ons ook begin om die tennis/netbalbane 'n nuwe baadjie te gee met splinternuwe pale vir tennisnette en netbaldoelpale. Die projek se tweede fase sal in Desember klaargemaak word.

Daar word ook beoog om die graad R- en gr. 1- en 2-badkamers gedurende die vakansie op te knap.

Die span het ook soos altyd gesorg dat die velde vir tuiswedstryde gereed gekry word en alles glad verloop.

Die derde kwartaal se manne-aand het ook weer sy pond vleis ge-eis van die span wat dit nou al bykans toe-oë kan voorberei.

Dankie vir elke ouer wat kommentaar lewer en ook met hulp en raad vorendag kom. U sinvolle insette word hoog op prys gestel.

Geniet die kort breek. Ek weet ons sien uit daarna om ons batterye te laai.

Eikie-groete





CSV – Elizna Joubert

Die lewe van Josef was hierdie kwartaal ons fokus. In Genesis lees ons van Josef, die seun van Jakob en Ragel, wat sy pa se gunstelingseun was. Jakob het vir Josef 'n spesiale mantel gegee, wat tot groot jaloesie onder sy broers gelei het. Uiteindelik het sy broers hom verraai en as slaaf aan Midianitiese handelaars verkoop.

Josef het in Egipte beland, waar hy hard gewerk het. Hy is later vals beskuldig en in die tronk gegooi. Ten spyte van alles wat met hom gebeur het, was God steeds met Josef. God het met hom deur drome gepraat en hom die vermoë gegee om die farao se drome uit te lê. Josef is daarna aangestel as tweede in bevel oor Egipte.

Tydens die hongersnood het Josef en sy familie uiteindelik herenig. Josef het gekies om sy broers te vergewe en vrede met hulle te maak.

Deur Josef se verhaal leer ons:

- God het 'n definitiewe plan en droom vir my lewe.
- Wanneer mense my teleurstel of seermaak, is God by my en sien Hy dit raak.
- God is altyd by my, enige plek en te alle tye.
- God se wagtyd is nooit verniet nie. Hy berei my voor gedurende my wagtyd.
- God gee my gesag en outoriteit om vir mense en situasies te bid.
- Ek oes wat ek saai.
- Ek kies om mense te vergewe.
- God voltooi die werk in my wat Hy begin het; daarom moet ek moed hou.

Die CSV het ook hierdie kwartaal saam met ander skole in Stellenbosch aan die “Gededsweek vir skole” deelgeneem. Die sessies is gedurende pouses gehou. Dit was 'n besondere tyd waarin ons saam kon bid, ons geloof kon versterk en kon groei in ons verhouding met God.

Ons is dankbaar om deel te wees van die groei wat plaasvind in CSV en die omgee-groepe. Enige leerders is welkom om in die vierde kwartaal by ons aan te sluit.






BIBLIOTEEK – Anri Schoonees

Sjoe, wat 'n lekker kwartaal was dit in ons biblioteek! Daar was heelwat opgewondenheid en baie boeke-pret. Van nuwe boeke aankoop tot nasionale boekeweek.

Ons het afgeskop met 'n boekverkoop saam met The Book Box, en soos altyd was dit 'n groot sukses! Leerders (en ouers) het lekker deur die boeke kom blaai en heelwat nuwe boeke het hul pad huis toe gevind. Dis altyd so lekker om te sien hoe opgewonde die kinders raak oor 'n splinter-nuwe boek. Dankie aan The Book Box dat hulle steeds sulke lekker boeke na ons skool bring, en aan al die ouers wat weer die verkoping ondersteun het.



Dit was Nasionale Boekeweek tydens toetsweek, so ons het daaglik klein uitdagings oor die interkom vir die kinders gegee. Elke dag was daar iets nuuts om na uit te sien. **Dag een** was dit: kies enige Afrikaanse boek en maak oop op bladsy 10 en lees dit hardop. **Dag twee** was dit 'n engelse boek waar jy net een hoofstuk moes lees. **Dag drie** was dit 'n boek oor diere en leer iets nuuts. **Dag vier** was die uitdaging dat jy vir 'n ander maat moet vertel oor 'n lekker boek wat jy onlangs gelees het. Sekere van die Grondslagfase leerders het hul maats aangestee en sommer pouse in die biblioteek hulle uitdaging kom doen. Indien julle dalk uitgemis het, kan julle dit sommer die vakansie probeer.



Dit was 'n heerlike herinnering dat lees pure pret kan wees! Ons hoop hierdie soort aktiwiteite help om 'n blywende liefde vir boeke by ons leerders te kweek, sodat hulle sien boeke maak deure oop na nuwe avonture en wêreld.



'n Groot dankie aan al die biblioteekprefekte en mediahulpers wat so hard werk in die biblioteek - dit beteken vir ons baie! Ons kan nie wag om te sien wat kwartaal 4 vir ons biblioteek inhou nie!

LEERLINGRAAD



C4C-klere-insamelingsprojek by Laerskool Eikestad

Van 4 tot 13 Augustus het Laerskool Eikestad se leerderraad, as deel van ons C4C-projek, 'n klere-insamelingsprojek geloods om minderbevoorregte kinders en volwassenes te ondersteun.

Die hele skool het saamgewerk om klere in te samel, en die reaksie van ons skoolgemeenskap was ongelooflik. **Meer as 200 sakke** klere is geskenk! Leerders, onderwysers en ouers het almal 'n belangrike rol gespeel om van hierdie projek 'n groot sukses te maak.

Dit was besonders om te sien hoe almal hande gevat het met een doel voor oë: om 'n verskil in die lewens van ander kinders en volwassenes te maak. Die projek het ons gewys dat wanneer 'n gemeenskap saamstaan en elkeen 'n klein bydrae lewer, dit 'n groot impak kan hê. Ons gaan die klere aan Durbanville Kinderhuis, Jeuguitreik en Stellenbosch se Nagskuiling skenk.

Ons is baie trots op die Laerskool Eikestad-gemeenskap en opreg dankbaar teenoor elke persoon wat klere geskenk het. Danksy almal se omgee en vrygewigheid kon ons meer as 200 sakke klere insamel om hoop en warmte aan minderbevoorregtes te bring.






SPORT

Sportbestuurder — Albert Fullard

HOKKIE— Erin Lombard



Wat 'n ongelooflike hokkieseisoen was dit nie! Ons kan met groot trots terugkyk op 'n kwartaal vol harde werk, groei, goeie kompetisie en die belangrikste, baie pret op die hokkieveld.

Ons het kwartaal 2 op 'n besonderse noot afgesluit met ons o. 13-hokkietoer na Port Elizabeth. Die toer was 'n groot sukses en ons leerders het elke oomblik ten volle geniet. Dit was 'n wonderlike geleentheid om nie net ons vaardighede op die veld te toets nie, maar ook om as spanne saam te groei en kosbare herinneringe te skep.

Met die aanbreek van kwartaal 3 het die hokkie vinnig voortgegaan en ons spanne het die geleentheid gehad om teen vyf verskillende skole kragte te meet. Ons o. 13A-spanne het ook vanjaar aan die Co-Ed Cup deelgeneem. Die kompetisie was sterk, maar ons Eikies het hul uitstekend van hul taak gekwyt en met trots meegeding.



Een van die hoogtepunte van die kwartaal was beslis die voorreg om Outeniqua Laerskool by ons te verwelkom. Al ons spanne het op die Maties Astro gespeel waar ons heerlike, mededingende hokkie kon geniet. Die naweek is gevul met goeie sportmangees, opwinding en natuurlik baie gees langs die veld. Ons is opreg dankbaar dat ons die geleentheid gehad het om ons vriende van Outeniqua te ontvang en saam met hulle 'n besonderse sportnaweek te beleef.

Ons o. 12-spanne het ook hul staal tydens die Marius Schoeman 5-aan-'n-kant-hokkietoernooi gewys. Beide ons dogters- en seunsspanne het 'n fantastiese derde plek behaal. Dit was vinnige, opwindende hokkie onder die ligte by Paarl Gimnasium – 'n ervaring wat ons spelers beslis nie gou sal vergeet nie!



Ons het die hokkieseisoen afgesluit deur ons graad 7-leerders en o. 13-spanne met 'n spesiale aand te vier. 'n Groot dankie aan die ouers wat hierdie heerlike geleentheid gereël het. Ons is ongelooflik bevoorreg om ouers te hê wat bereid is om in te spring, hand by te sit en altyd 'n ekstra myl te stap om die beste moontlike ervaring vir ons leerders te skep.

Aan elke ouer, afrigter, ondersteuner en persoon agter die skerms: baie, baie dankie! Dankie vir elke kilometer wat gery is, elke wedstryd wat ondersteun is, elke oefening, elke aanmoediging en elke bietjie moeite wat hierdie seisoen moontlik gemaak het. Ons waardeer elkeen se bydrae opreg.



Laastens wil ons aan ons graad 7-leerders sê: sterkte met die groot stap na die hoërskool! Ons is ongelooflik trots op julle en weet dat julle sukses sal behaal, maak nie saak watter sport julle kies of watter pad julle volg nie. Dra julle Eikestad-gees saam met julle en onthou altyd waar julle hokkiehart begin het.

Tot volgende seisoen – mag die stokke reguit wees, die aangeë akkuraat en die gees altyd hoog!





NETBAL - Celesté Britz

Eikestad-netbal sluit 'n suksesvolle seisoen af!



Kwartaal 3 was 'n besonder besige en opwindende netbalseisoen by Laerskool Eikestad. Die o. 13A-netbalspan vertrek na Middelburg, Mpumalanga om vanaf 23-25 Julie aan die SASN Primary Championship deel te neem. Met groot trots kan ons die 9 dogters geluk wens met 'n vyfde plek! Hierdie netbalspan laat beslis 'n blywende nalatenskap by Laerskool Eikestad agter. Hierdie dogters het die beeld van ons skool met trots uitgedra, altyd goeie sportmanskap getoon en Eikiewaardes uitgeleef.



Ons netbalspanne het die afgelope kwartaal aan 'n hele aantal wedstryde deelgeneem en met groot entoesiasme, deursettingsvermoë en spangees die Eikie-gees uitgeleef! Die o. 10- tot o. 13-dogters het ook die geleentheid gehad om tuis teen Laerskool Outeniqua kragte te meet. Ondanks die nat weer was dit 'n heerlike sportdag met goeie kompetisie en waardevolle wedstrydervaring vir ons speelsters!

Die seisoen word afgesluit met 'n leersame mini-netbalkliniek en vir die o. 10A - o.13A-netbalspanne, deelname aan die jaarlikse Mikro netbaltoernooi.

Ons is ongelooflik trots op die manier waarop ons netbalspeelsters deur die 2026-seisoen gegroei en hul beste op die baan gegee het.



Groot dank aan ons toegewyde afrigters, vir hulle tyd, energie, geduld en passie gedurende die seisoen. Julle speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van ons dogters op verskeie terreine en fasette.

Ons opregte dank aan ons betrokke ouers wat langs die baan aanmoedig en ondersteun. Julle ondersteuning maak 'n groot verskil!





RUGBY - Jannie Terblanche

Ons kan met groot dankbaarheid terugkyk na 'n baie suksesvolle rugbyseisoen. Al ons seuns het weer die geleentheid gekry om aan baie wedstryde deel te neem. Een van Laerskool Eikestad se grootste doelwitte is om 'n liefde vir die spel te kweek en massadeelname te bevorder. Ons het verseker geslaag in hierdie doelwit.

Dit was veral lekker om te sien hoe ons juniors vanaf o. 7 tot o. 9 elke wedstryd geniet het. Dit was ook lekker om te sien hoe hulle vaardighede, danksy baie goeie afrigting, ontwikkel en verbeter het.



Ons het hierdie kwartaal wedstryde teen Laerskool De Hoop, Lochnerhof, Van Riebeeck Strand en Laerskool Stellenbosch gespeel.



Ons het die seisoen afgesluit met wedstryde teen Laerskool Outeniqua van George. Ons seuns vanaf o. 10 tot o. 13 het die geleentheid gekry om deel te neem. Dit was 'n reuse sukses en ons seuns het dit baie geniet. Dit was 'n baie goeie ervaring vir die leerders. Ons sien uit daarna om ons vriende van Outeniqua volgende jaar weer in George te besoek.

Ons het ook deelgeneem aan HJS se o. 12 toernooi in die Paarl. Dit was 'n uitstekende georganiseerde toernooi. Afrigters kon hierdie geleentheid gebruik as voorbereiding vir 2027 se rugbyseisoen. Eikestad het al drie hulle wedstryde oortuigend gewen.

Hoogtepunte van 2026

Mikro 7's

Baie geluk aan ons o. 10-, o. 11- en o. 13-spanne wat almal in die bekerfinale gespeel het. Die o. 11- en o. 13-seuns het onderskeidelik teen Laerskool Gene Louw en Liebenberg

gewen. Die o. 10-span het net-net teen Laerskool Durbanville 14-15 verloor. Baie geluk seuns. Ons is trots op julle!

Marius Schoeman Sportfees

Ons o. 12 7's span het gaan deelneem aan die Marius Schoeman 7's toernooi. Hulle het baie goeie rugby gespeel en hierdie toernooi vir die eerste keer gewen. Hulle het in die finaal teen Laerskool Gimnasium gespeel en welverdiend met 22-7 gewen.



Provinsiale klere

- ◆ Westelike Provinsie o. 13A - Waylin Slingers en Caylio Daniels
- ◆ Westelike Provinsie o. 13XV - Philip Willemse
- ◆ Westelike Provinsie o. 12A - Seth Pietersen, Nathan dos Santos, Gavanro Arendse en Chavallio Williams.

Baie geluk seuns. Eikestad is trots op julle!

Ons wil graag ook vir elke afrigter baie dankie sê vir al julle moeite en harde werk met ons seuns. Eikestad is regtig bevoorreg om sulke uitstekende afrigters te hê. Laastens wil ek net al die ouers bedank vir julle positiewe en getroue ondersteuning.

Geniet die welverdiende ruskans. Veilig reis.

Rugbygroete





LANDLOOP - Melita Burger

Hierdie kwartaal het die landloop weer volstoom voortgegaan. Ons het 3 liga-byeenkomste gehad asook ons groot Bolandbyeenkoms te Dal Josafat in die Paarl. Ons het gegroei van 'n skamele 26 leerders na meer as 50 leerders.

Ons oefen steeds voort in die somer... onder die naam: Middelaafstande. Kom word fiks, laat jou brein groei en wees gereed vir al die ander sportsoorte. Ons is besig om onself gereed te kry vir die interhuisbyeenkoms vroeg in kwartaal 1.

Landloop is nie 'n sport wat jy slegs in die winter aanpak nie. Dis deurlopend. Dit toets jou deursettingsvermoë asook dissipline en verantwoordelikheid.

Op 12 September het Sanmari Botha aan die Wes-Kaap Kampioenskappe deelgeneem. Sy het gedurende die wedloop 8ste gelê en in die laaste 800m haar deursettingsvermoë op die proef gestel en haar alles gegee. Sy het 3de geëindig en ons is super trots op haar. Op 3 Oktober neem sy aan die SA Skole Kampioenskappe deel en ons wens haar alle sterkte toe. Ons glo in haar en vertrou dat dit baie goed sal gaan.



Hou aan om jou beste te gee, hou aan oefen en bou aan die talent wat jy van Bo ontvang het.

Geniet die ruskans vir hierdie kort vakansie. Reis veilig en onthou om steeds in die natuur te gaan stap of draf.





SKAAK - Marianca van Gass

Soos kwartaal 3 tot 'n einde kom, kyk ons met groot trots terug op 'n baie suksesvolle en genotvolle skaakseisoen! Ons leerders het deur die kwartaal hard gewerk, nuwe vaardighede aangeleer, hul beste op die skaakbord gegee en behoorlik hul passie uitgeleef.

Hierdie kwartaal was vol groot toernooie en wedstryde. Op 22 Augustus het 18 van ons leerders aan Laerskool Stellenbosch se skaaktoernooi deelgeneem. Die entoesiasme was groot en waardevolle ervaring is opgedoen. Elke wedstryd was 'n geleentheid om te leer, te groei en hul skaakvaardighede verder te ontwikkel. Baie geluk aan *Danielle Joubert, Ferdinand Andrag en Ilan Louw* wat besonder goed presteer het by hierdie toernooi.



Die hoogtepunt die kwartaal was natuurlik ons wedstryde wat ons tuis teen Laerskool Outeniqua kon speel. Op Donderdag, 27 Augustus, het die o. 11's vir die eerste keer die geleentheid gekry om aan 'n aanlyn skaakwedstryd deel te neem – 'n nuwe en opwindende ervaring (al moes juffrou behoorlik rondstaan om almal betyds ingeteken te kry en net hoop en bid dat die wifi hou met geen tegniese

foutjies wat sal inglip nie!) Min wetend sou die o. 11's net die naweek daarna by Topskole wel 'n fisiese wedstryd teen dieselfde span speel. Op Vrydag, 28 Augustus, het die o. 13's die geleentheid gehad om teen Outeniqua te speel. Dit was beslis 'n uitdaging, maar ons leerders het mooi deurgedruk! Ons is baie dankbaar vir hierdie geleentheid en sien uit daarna om volgende jaar weer bietjie by hulle te gaan kuier.

Die wedstryde teen Outeniqua was ook somer lekker opwarming vir die Wes-Kaap Topskole toernooi. Ons o. 11- en o. 9-spanne het aan hierdie toernooi deelgeneem. Dit was 'n tawwe twee dae van konsentrasie, strategie, motivering en sterk kompetisie. Ons is ongelooflik trots op die volgende leerders wat deelgeneem het.



Die o. 11-span: *Merwen Mellet, Kian Louw, Danielle Joubert, Alexander du Preez, Clarisse Nell, Daniel Breytenbach en Ferdinand Andrag*. Die o. 9-span: *Lukas Basson, Nicolaas Smit, Ilan Louw, Bjorn Roets en Marais Mellet*.

Julle harde werk, deursettingsvermoë en sportmangees maak ons trots!



'n Spesiale dankie aan “coach” Ashwin vir al sy kennis, tyd en passie wat hy met ons leerders deel. Sy leiding en ondersteuning maak 'n groot verskil in ons leerders se vaardigheidsontwikkeling. Dankie ook aan al die ouers vir die motivering, ondersteuning en die skaakwedstryde wat tuis gespeel word, dit wil gedoen wees!

Mag almal hierdie vakansie 'n goeie blaaskans neem en met nuwe moed en krag kwartaal 4 aanpak.

Skaakmat op 'n fantastiese kwartaal 3!

Skaakgroete
Juffrou Marianca

Woordsoek

U	K	M	O	K	L	E	K	K	E	R	S	T	E	Z	D	S	D	N	E	G	M	Y	I
N	I	F	U	Q	L	F	M	R	D	S	W	C	S	F	W	L	D	O	K	U	I	Y	Y
G	B	A	N	G	E	R	U	L	Z	X	T	Y	S	Y	C	X	W	C	A	Q	W	P	S
H	A	Q	C	Q	I	P	L	M	X	Z	I	V	K	R	D	Y	P	O	F	H	X	W	W
T	Y	X	C	R	I	C	S	T	H	C	L	E	H	G	M	A	K	L	I	K	S	T	E
Y	E	P	K	Z	C	J	H	G	J	F	L	R	C	B	V	K	A	S	P	M	Q	C	U
R	O	R	H	L	D	O	K	B	M	E	E	S	T	E	I	H	Y	S	V	M	A	F	V
J	E	M	U	R	H	B	J	E	N	E	Y	Z	D	S	N	T	A	A	S	A	D	M	U
D	X	K	K	P	I	Y	L	S	R	G	W	I	U	X	N	W	C	C	J	N	P	S	W
H	H	Y	I	E	S	H	W	T	V	C	M	R	M	N	I	N	I	N	Q	Y	S	O	B
B	J	P	R	N	H	P	Q	E	V	D	M	O	J	D	G	W	L	Z	W	V	L	R	Y
T	W	Q	T	I	L	X	S	C	R	I	D	Q	Z	R	E	R	F	E	D	R	I	O	U
L	S	L	N	M	O	E	I	L	I	K	E	R	R	O	R	J	Y	M	F	U	M	T	S
V	O	O	Z	U	R	M	T	G	H	L	H	I	L	F	V	Y	S	L	E	G	S	T	E
T	M	K	Q	Z	L	G	C	V	S	A	V	G	U	J	V	X	I	U	J	T	T	I	B
L	A	N	G	S	T	E	V	J	H	Z	I	J	A	U	E	G	X	D	D	E	E	G	F
A	I	Y	P	G	U	S	E	I	G	P	G	V	F	M	M	R	Q	D	A	N	O	D	U
F	Z	J	O	K	C	V	Q	M	H	A	M	L	T	I	P	C	Y	Z	X	D	J	V	M
I	O	P	Z	G	R	O	O	T	S	T	E	X	I	N	L	N	J	A	G	Y	J	J	R
Z	Q	W	J	G	G	W	I	I	F	A	Z	M	H	S	O	G	T	Z	D	U	K	Z	D
R	H	A	R	D	S	T	E	L	X	A	X	R	Y	T	I	E	G	N	Z	M	W	W	Z
G	A	S	V	M	D	M	B	Q	N	U	W	E	R	E	M	G	F	N	A	V	D	L	Z
U	J	N	D	O	T	F	W	D	L	J	M	X	B	I	K	P	C	V	I	W	P	B	A
Z	F	Z	P	O	R	S	J	E	R	A	Z	F	W	M	P	F	Z	G	O	N	X	G	Y

maklikste
grootste.
langste
banger
beste

moeiliker
vinniger
slimste
minste
nuwer

lekkerste
hardste
slegste
meeste

DAMESAAND



MANNEAAND



KENNISGEWINGBORD

SKOOLKALENDER VIR 2026

KWARTAAL	OPEN	SLUIT
VIERDE	6 OKTOBER	9 DESEMBER (leerders) 11 DESEMBER (opvoeders)

SKOOLKALENDER VIR 2027

KWARTAAL	OPEN	SLUIT
EERSTE	11 JANUARIE (opvoeders) 13 JANUARIE (leerders)	19 MAART
TWEEDE	6 APRIL	25 JUNIE
DERDE	20 JULIE	22 SEPTEMBER
VIERDE	5 OKTOBER	8 DESEMBER (leerders) 10 DESEMBER (opvoeders)

OPENBARE EN SKOLEVAKANSIEDAE IN 2027

1 Januarie	Nuwejaarsdag
21 Maart	Menseregtedag
22 Maart	Publieke vakansiedag
26 Maart	Goeie Vrydag
29 Maart	Gesinsdag
26 April	Skolevakansiedag
27 April	Vryheidsdag
30 April	Skoolvakansiedag
1 Mei	Werkersdag
16 Junie	Jeugdag
9 Augustus	Vrouedag
24 September	Erfenisdag
16 Desember	Versoeningsdag
25 Desember	Kersdag
26 Desember	Wewillendheidsdag



Dankie VIR KWARTAAL 3

Lekker rus
E ikies!



JY HET JOU
BESTE GEGEE,
*en ons is trots
op jou!*